

Source: BEELD

Date: 03-Mar-2014

Topic: 08

Ref No: 5853



1

ID: 04298329-01 Source Page: 13

Eise weens stakings skiet op

Adri van Zyl

Johannesburg. – Versekeringseise vir skade wat deur stakende werkers aangerig word, het die afgelope drie jaar skerp toegeneem.

Dit weerspieël 'n noemenswaardige verandering in die redes vir eise by Sasria, die staatsbeheerde versekeraar teen politieke onluste en ander spesiale risiko's en die enigste versekeraar wat sulke risiko's dek.

Tussen April 2013 en Januarie vanjaar het Sasria eise van R462 miljoen uitbetaal vergeleke met R641 miljoen in sy boekjaar tot einde Maart 2013.

Thokozile Ntshiq, 'n uitvoerende bestuurder by Sasria, sê tot 2010 was die meeste eise vir skade weens politieke oproer, maar sedertdien het eise vir skade weens stakings skerp toegeneem. Volgens Sasria se jaarverslag vir 2013 was 95% van alle eise vir skade weens diensleweringssprotes en stakings.

In 2013 het eise weens die staking van plaaswerkers en vragmotorbestuurders onderskeidelik R200 miljoen en R50 miljoen bedra. Die eise weens die stakings in die mynbousektor het R53 miljoen bedra. Die totale bedrag wat weens stakings uitbetaal is, het R412 miljoen bedra, vergeleke met R36 miljoen in die 2008-'09-boekjaar.

Ntshiq sê in die boekjaar tot einde Maart 2013 het die aantal eise wat ontvang is met 91% toegeneem en die bedrag wat uitbetaal is met 135%.

Al het protesoptogte oor dienslewering tussen Januarie verlede jaar en Februarie vanjaar wyd voorgekom – 'n gemiddelde van 33 per maand of een elke dag – verteenwoordig die skadevergoedingseise net 20% van die totale eise wat by Sasria ingedien is, sê Ntshiq.

Graeme Fuller, gehalte- en tegniese spesialis by Aon Suid-Afrika, raai verbruikers aan om seker te maak dat hulle teen dié risiko's verseker is.

Sasria is die enigste versekeraar in Suid-Afrika wat versekeringsdekking bied teen oproer (politie en nie-politie) en openbare protes soos stakings en protesaksies. Tot 1994 was versekering by Sasria verpligtend, maar polishouers moet nou self toesien dat Sasria-dekking by hul bestaande polisse gevoeg word.

Fuller sê korttermynversekeraars kan eise van polishouers verwerp vir skade as hulle nie by Sasria teen spesiale risiko's verseker is nie.

Premies vir Sasria-versekering kos R20 per jaar vir private voertuie en R30 per jaar vir kommersiële voertuie.

Ntshiq sê Sasria se monopolie vir die onderskrywing van spesiale risiko's is in die 1970's in die wetboek ingeskryf omdat ander korttermynversekeraars nie versekering vir dié risiko wou verskaf nie.